

TouchdownForte®

Hi Tech

syngenta®

Reg. Nr. L7305 Wet Nr. 36 van 1947 N-AR 0625 (Namibië) W130339 (Botswana)

'n Oplosbare konsentraat nie-selektiewe, blaartoegediende sistemiese onkruidodder met 'n benattingsmiddel vir gebruik in glifosaat verdraagsame gewasse en vir die beheer van verskeie eenjarige en meerjarige grasse, breëblaaronkruid, sekere houtagtige onkruid en industriële onkruidbeheer.

GROEP 9 ONKRUIDDODER

Aktiewe Bestanddele:
Glifosaat (glisien).... 500 g suur ekwivalent/
(kalium sout)

Product names marked ® or ™, the ALLIANCE FRAME
the SYNGENTA Logo and the PURPOSE ICON
are Trademarks of a Syngenta Group Company



Gevaarstelling:

Giftig vir waterlewe met langdurige effekte. Kan skadelik wees indien ingeasem.

Voorsorgaanbevelings:

Hou buite bereik van kinders.

Voorkoming: Vermy vrylating na die omgewing.

Reaksie: Versamel gemorste produk.

Berging: Stoor toegesluit.

Verwydering: Gooi inhoud/houer weg na 'n goedgekeurde herwinningaanleg.

WAARSKUWING

NOOD TEL NR.:
+27 82 446 8946 (Griffon)

**UN NIE-
GEREGULEER**

Registrasiehouer
Syngenta SA (Edms.) Bpk.
Mpy. Reg. Nr. 1998/013761/07
Privaatsak X 60
HALFWAY HOUSE, 1685
Tel.: +27 11 541 4000

1. WAARSKUWINGS:

Gevaarstelling: Giftig vir waterlewe met langdurige effekte. Kan skadelik wees indien ingeasem.

Wagperiode:

- Moenie saailinge uitplant binne 7 - 10 dae na die laaste **TOUCHDOWN FORTE HITECH** toediening nie.
- Die ontkieming en groei van kleinsadige gewasse soos uie kan nadelig beïnvloed word vir periodes so lank as agt (8) weke na bespuiting veral op lae klei gronde (< 10% klei)

Onthoudings periode: Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes.

GROENMIELIES..... 42 days
MIELIES (beweiding)..... 28 days

- Skadelik indien ingeneem of ingeasem word.
- Voorkom kontak met vel of oë aangesien produk oog- en velsensitiwiteit kan veroorsaak.
- Bewaar weg van voedsel, voer, kunsmis en ander chemikalieë.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Vlambaar:** Hou weg van hitte en oop vlamme.
- **Herbetreding:** Moet nie behandelde areas betree alvorens die spuitneerslag droog is nie of tensy beskermende oorklere gedra word.

Transgenetiese en konvensionele gewasse:

Sorg moet gedra word dat wegdrywing tot 'n absolute minimum beperk word. Die wegdrywing van **TOUCHDOWN FORTE HITECH** kan groot skade veroorsaak by aangrensende gewasse en is veral belangrik by die gebruik op glifosaat verdraagsame gewasse waar konvensionele gewasse aangrensend of in die nabyheid geplant word.

Lugtoediening: (slegs op akwatiese en indringer plante)

- Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit.
- Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit of die

spruitstof toelaat om dit onnodig te besoedel.

- Ten spyte hiervan word lug toediening wel slegs aanbeveel vir die beheer van akwatiese of indringer plante ongeag of dit in water groei of teenwoordig is.
- Glifosaat is 'n hoogs aktiewe onkruidodder wat in klein hoeveelhede ernstige skade aan gewas saailinge, vrugtebome en wingerde in die bot en vroeë groeistadiums kan veroorsaak. Onder sekere omstandighede kan dit ernstige skade veroorsaak tot so ver as 3 - 5 kilometer van die naaste vlugpatroon van 'n vliegtuig:
 - bewolkte weer
 - relatiewe humiditeit hoër as 80%
 - min lug beweging laer as 5 km/uur.
- Onder sulke omstandighede moet lugbespuiting nie gedoen word indien gewas saailinge, vrugte bome en wingerde in die bot en vroeë groeistadiums binne vyf (5) kilometer van die vliegtuig se naaste vlugbaan voorkom nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

2. VOORSORGMATREËLS:

Voorsorgaanbevelings: Hou buite bereik van kinders.
Voorkoming: Vermy vrylating na die omgewing. **Reaksie:** Versamel gemorste produk. **Berging:** Stoor toegesluit.
Verwydering: Gooi inhoud/houer weg na 'n goedgekeurde herwinningaanleg.

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Vermoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Dra rubberhandskoene en 'n gesigs-kerm wanneer die konsentraat hanteer word. Indien dit in jou oë kom, spoel onmiddellik uit. Indien dit op jou vel kom, was dit dadelik af. Indien dit op jou klere mors, trek uit en was dit.
- Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna drie (3) maal uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.
- Vermoed kontak met die spuitstof sover moontlik tydens toediening. Vermoed oorwaai van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere of damme.
- Maak toediener deeglik skoon na gebruik en gooi waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie. Vernietig leë houer op die voorgeskrewe wyse en moet dit nie vir enige ander doel gebruik nie.
- Trek werksklere uit en was dit. Was jouself.

3. RELEVANTE STOWWE:

Chemiese naam	
Nie van toepassing nie	
Klassifikasie	Konsentrasie (% w/w)
Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie

4. WEERSTANDBESTUUR:

TOUCHDOWN FORTE HITECH is 'n groeppkode 9 onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **TOUCHDOWN FORTE HITECH**, of enige ander groeppkode 9 onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruid populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **TOUCHDOWN FORTE HITECH** of enige ander groeppkode 9 onkruidodder, beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermoed die herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van onkruidodders in dieselfde onkruidodder groeppkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengels van produkte in verskillende onkruidodder groeppodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidodder programme.
- Volg 'n wisselbou stelsel waarin verskillende onkruidodders van verskillende werkswyse klasse gebruik kan word bv. volg glifosaat weerstandbiedende mielies op met konvensionele sojabone om te voldoen aan die wisselbou vereistes maar ook aan die vereiste om die herhaaldelike gebruik van glifosaat te vermoed.
- Alle bewerkings moet gedoen word om die blom en saadvorming van onkruid te verhoed.
- Onkruidodderrekords moet gehou word vir elke land
- Die vervoer/beweging van weerstandbiedende onkruid sade of vegetatiewe materiaal na ander lande verhoed word deur implemente en stropers skoon te maak voor

gebruik van een land na 'n ander en deur skoon saad te plant.

- Elke land jaarliks inspekteer word om weerstandbiedendheid vroegetydig te identifiseer.

Populasies van of *Conyza bonariensis*, *Lolium rigidum* and *Plantago lanceolata* is reeds geïdentifiseer en gerapporteer met bevestigde weerstand teen glifosate. Vermoed ten alle koste die bespuiting van sulke populasies met **TOUCHDOWN FORTE HITECH**. Van hierdie populasies mag ook weerstandbiedend teen produkte soos parakwat en dikwat wees. Sekere van hierdie populasies mag ook weerstandbiedend wees teen onkruidodders van die arieloksiefenoksie propionaat groep, sikloheksaandioon groep en sulfonielureum groepe en weerstand teen glifosaat soos **TOUCHDOWN FORTE HITECH** mag ondervind word.

Aangesien die grootte en omvang van hierdie weerstandbiedende populasies moeilik is om te bepaal, is dit noodsaaklik, dat lande jaarliks ondersoek moet word om moontlike weerstand vroegetydig te identifiseer. Indien bostaande noodmaatreëls nie noudeset nagekom word nie kan Syngenta nie verantwoordelik gehou word as **TOUCHDOWN FORTE HITECH** nie weerstandbiedende onkruid beheer nie.

- Gebruik **TOUCHDOWN FORTE HITECH** as 'n deel van 'n geïntegreerde gewas en weerstandbiedendheids bestuursprogram om onkruid weerstandbiedendheid te voorkom.
- Hierdie weerstandbiedendheids bestuursprogram moet onkruidodders van verskillende werkswyses insluit.
- **TOUCHDOWN FORTE HITECH** moenie meer as drie keer per jaar per land gebruik word nie. Indien dit nodig is om plante wat nie beheer is nie te spuit, gebruik onkruidodders van 'n ander chemiese klas.
- Om weerstandbiedende of moontlike weerstandbiedende onkruid te beheer en te elimineer moet die strategie wees om plante nie toe te laat om saad te stort nie.
- **TOUCHDOWN FORTE HITECH** moet gebruik word om gras populasies te bestuur sodat:
 - Weerstandbiedendheid teen verskillende produkte van verskillende chemiese groepe te verhoed of te vertraag.
 - Verskillende grade van weerstandbiedendheid teenoor verskillende produkte of klasse van produkte beheer kan word.

'n Plaaslike plaasstrategie vir die voorkoming en bestuur van weerstandbiedendheid moet ontwikkel word. Vir spesifieke inligting oor weerstandbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

5. GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

- Gebruik **TOUCHDOWN FORTE HITECH** slegs op aktiefgroeiende plante wat nie rustend of onder temperatuurstemming, vogstemming of enige ander stremming verkeer nie. Reën of besproeiing 'n paar dae voor 'n **TOUCHDOWN FORTE HITECH** bespuiting, verseker dat die onkruid aktief groei en dat onkruidbeheer optimaal is. Onkruid wat gedurende stremmings toestande groei mag klein vertoon maar het waarskynlik hul biologiese groei fase voltooi en moet soos volwasse plante hanteer word wanneer dosisse bepaal word.

Dieselfde geld vir plante wat afgewei, gesny, gebrand of selfs 'n keer met **TOUCHDOWN FORTE HITECH** of ander onkruidodders gespuit is.

- Gebruik slegs skoon water met geen gesuspendeerde grond deeltjies in die spuitmengsel.
- Maak altyd seker dat spuitapparaat skoon, vry van afsaksels, roes en stof is en korrek gekalibreer is voordat gespuit word.
- Gebruik lae spuitdruk (100 - 200 kPa) en korrekte spuitpunte om spuitnewel te voorkom.
- Verseker eweredige bedekking van alle onkruid onder bespuiting en bespuit tot net voor die punt van afloop.
- Wanneer **TOUCHDOWN FORTE HITECH** gebruik word vir chemiese land voorbereiding voor die uitplant van saailinge soos tamaties, tabak of enige gewas waarvan die stammetjies groen en sag is, moet 'n minimum periode van 14 dae verloop tussen bespuiting en uitplant van saailinge.
- **TOUCHDOWN FORTE HITECH** word geabsorbeer deur onvolwasse bas en die blare van meeste plante en bome. Kontak met dele wat nie volwasse bas op die hoofstam het nie, soos bome jonger as drie jaar kan ernstige gelokaliseerde en getranslokeerde skade veroorsaak. Daarom moet kontak met blare, groen of onvolwasse bas en vrugte deur direkte kontak of spuitnewel vermy word. Maak altyd seker dat slegs ongewenste plante bespuit word.
- Moet nie toedien in gesnoeide wingerde en vrugtebome voordat die snoeiwonde behoorlik geseël het nie.
- **TOUCHDOWN FORTE HITECH** is 'n nie-selektiewe sistemiese onkruidoder wat slegs aktief is indien dit op die blare en groen bas van plantegroei toegedien word.
- Die sigbare effek van **TOUCHDOWN Forte HITECH** op behandelde plantegroei is gewoonlik 7 - 10 dae na behandeling sigbaar maar kan wissel afhangende van bv. weerstoestand, groeikragtigheid van die teiken onkruid, die toedienings tyd, ens.
- Reën of besproeiing binne drie (3) uur na behandeling kan die doeltreffendheid van **TOUCHDOWN FORTE HITECH** verminder.
- Moet nie **TOUCHDOWN FORTE HITECH** toedien op stofbedekte onkruidblare nie. Dien **TOUCHDOWN FORTE HITECH** in hierdie geval slegs toe nadat stof deur reën afgewas is.
- Moet nie **TOUCHDOWN Forte HITECH** toedien op onkruid wat nat gedou of gereën, dormant of onder stremming verkeer bv. vog, hitte of koue stremming is nie.
- Moet nie **TOUCHDOWN FORTE HITECH** toedien in dien die atmosferiese toestande ongunstig is nie bv. as die humiditeit laer as 40% is of die wind meer as 10 km/ uur waai nie.
- Ander plaagbeheermiddels wat op bome toegedien word en dan afloop op **TOUCHDOWN FORTE HITECH** behandelde onkruid binne 12 uur na toediening, kan die werking van die onkruidoder benadeel. Aangesien **TOUCHDOWN FORTE HITECH** geen vooropkoms-aktiwiteit op onkruid het nie, sal herhaalde toedienings nodig wees (wanneer alleen toegedien) om seisoenlange beheer te verseker. Verseker dat teikenonkruid volledig blootgestel word aan die **TOUCHDOWN FORTE HITECH**-bespuiting.
- **TOUCHDOWN FORTE HITECH** kan op glifosaat verdraagsame katoen, sojaboon en mielieplante gespuit word. Enige individuele plante wat nie die glifosaat geen

bevat nie en met glifosaat bevattende produkte soos **TOUCHDOWN FORTE HITECH** gespuit word sal afsterf.

- **TOUCHDOWN FORTE HITECH** beheer nie opslag van glifosaat weerstandbiedende gewasse nie.
- Wisselvallige beheer van onkruid by selfs hierdie hoë dosisse mag voorkom as gevolg van verskeie redes:
 - Droogte toestande.
 - Koue of hitte stres toestande.
 - Plante met wasagtige blare bv. *Portulaca oleracea*, *Chenopodium album*, *Gisikia pharnecoides*.
 - Natuurlike weerstandbiedendheid teen die beheer met glifosaat bv. *Commelina bengalensis*, *Ipomoea* spp. en *Conyza bonariensis*.
 - Weerstandbiedendheid wat opgebou het weens herhaaldelike gebruik van glifosaat bv. *Lolium* spp. en *Conyza bonariensis* (bevestigde weerstandbiedendheid in RSA).
 - Swak bedekking en penetrasie van blare bv. *Argemone subfusiformis*.
 - Plante met knolle en bolle bv. *Cyperus* spp.
 - Wan verhoudings tussen die bo en ondergrondse dele bv. *Conyza bonariensis* na 'n droë periode of na groei gedurende die winter.
 - Swak water kwaliteit.

5.1 Verenigbaarheid

TOUCHDOWN FORTE HITECH is verenigbaar met CALLISTO (L6795), DUAL GOLD (L5749), METAGAN GOLD (L5748), GARDOPRIM PLUS GOLD (L7736), KARATE (L3752), KARATE ZEON (L6330), tebuthiuron en diuron. Raadpleeg die onderskeie etikette vir TOEDIENINGSHOEVEELHEDE, WAARSKUWINGS en VOORSORGMAATREËLS.

Bymiddels

- Die byvoeging van 0.5 - 2% ammoniumsulfaat in tenkmengsels sal die doeltreffendheid van **TOUCHDOWN FORTE HITECH** verbeter wanneer swak kwaliteit water of water van 'n onbekende kwaliteit gebruik word. Vir optimale beheer moet ammonium sulfaat verkieslik te alle tye gebruik word.
- **TOUCHDOWN FORTE HITECH** mag nie met enige ander bymiddel anders as ammoniumsulfaat gemeng en gespuit word nie. Die gebruik van ander bymiddels kan tot verlaging in aktiwiteit bydra en die registrasiehouer sal geen verantwoordelikheid aanvaar vir sodanige gebruike nie.

Atrasien

TOUCHDOWN FORTE HITECH is nie verenigbaar met enige van die verskillende atrasien bevattende produkte nie. Moet onder geen omstandighede met sulke produkte gemeng word nie. Sulke mengsels sal aanleiding gee tot swak onkruidbeheer.

5.2 Spuitapparaat

- Alle spuittoerusting moet korrek gekalibreer wees en toegerus wees met spuitpunte wat die korrekte watervolume sal lewer sodat dit die spuitteiken bereik sal word terwyl die teiken ook eweredig bedek sal word met druppels.
- Die volgende toerusting en ooreenstemmende volume

sputmengsel/ha is geskik vir **TOUCHDOWN FORTE HITECH**-toedienings:

Trekkers met spuitbalke	100 - 300 ℓ/ha
Rugsakspuiter	100 - 300 ℓ/ha
Lugtoediening (slegs op akwatiese en indringer plante)	30 - 40 ℓ/ha

- Die % spuitoplossing aanbevelings impliseer altyd 'n oplossing bestaande uit **TOUCHDOWN FORTE HITECH** in 100 ℓ water bv. 2% oplossing = 2 ℓ **TOUCHDOWN FORTE HITECH** in 100 ℓ water.

NOTA: Wanneer met so 'n spuitoplossing gespuit word, is die minimum toedieningshoeveelheid 200 ℓ spuitoplossing/ha.

5.3 Menginstruksies

- Indien ammoniumsulfaat benodig word moet dit heel eerste by die water gevoeg word en opgelos word deur roering.
- Voeg die korrekte hoeveelheid **TOUCHDOWN FORTE HITECH** by terwyl deeglike vermenging volgehou word.
- Verseker deeglike roering voor en gedurende bespuiting.
- In geval van tenkmengsels met residuele onkruidodders in glifosaat weerstandbiedende gewasse moet die EC formulاسie eerste in die water vermeng word, dan die SC formulاسie en laastens die **TOUCHDOWN FORTE HITECH** terwyl aanhoudende geroer word.

5.4 Skoonmaak Prosedures

Om gewas skade aan ander gewasse te verhoed, was die toedienings apparate en beskermende toerusting onmiddellik en deeglik na gebruik met skoon water.

5.5 Toediening

- Maak altyd seker dat spuittoerusting skoon en vry van roesplekke en stof is.
- Verwyder aanpaksels bv. reste van benatbare poeiers in spuittenks voor gebruik. Gebruik altyd skoon water.
- Voorkom die gebruik van modderige of brak water of water wat 'n hoë kolloidale-inhoud het wat afkomstig is van grond met 'n hoë organiese materiaalinhoud.
- Spuittoerusting moet akkuraat onder veldtoestande gekalibreer word voor toediening.
- Dit is nie nodig om **TOUCHDOWN FORTE HITECH** toe te dien tot die punt van afloop nie maar 'n egalige eweredige plantbedekking is noodsaaklik.
- Egalige toediening is noodsaaklik vir goeie resultate.

5.5.1 Grondtoediening

TOUCHDOWN FORTE HITECH kan deur middel van konvensionele grondspuittoerusting (trekker gemonteerde balke, rugsakspuit, ens.) toegedien word. Grondspuittoerusting met geskikte spuitpunte wat 'n bespuitingsvolume van 100 - 300 ℓ/ha gee, word aanbeveel vir optimale bedekking. Waar spuitstofwegdrywing 'n probleem is moet die druk nie 2 bar oorskry nie. Om spuitstofwegdrywing te voorkom moet teen 'n druk soos aanbeveel vir 'n spesifieke spuitpunt, gespuit word.

5.5.2 Lugtoediening (slegs op akwatiese en indringer plante)

Hierdie produk mag slegs deur lugbespuiting toegedien word deur 'n geregistreerde lugbespuiting operateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial application of Agricultural Remedies).

Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om die aan volgende kriteria te voldoen:

a) Toediening parameters:

- **Volume:** 'n Volume van 30 ℓ/ha word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** 'n Druppelbedekking van 30 - 45 druppels/cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 - 350 mikrons word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikrons – hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum beperk word.
- **Vlieghoogte:** Die hoogte van die spuitbalk moet op 3 - 4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt is van, of tydens 'n duik nie, of terwyl dit uitklim of draai nie.

b) Toerusting:

- Gebruik geskikte spuitapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur endodrywing (binne die teikenarea) of eksodrywing (buite die teikenarea) sal verseker.
- Die operateur moet 'n stelsel kies wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitneuse/atomiseerders moet in die binnste 60 - 75 % van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkvorteks in te beperk.

c) Meteorologiese toestande:

- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihygrometer, moet nie 8°C oorskry nie. Moenie spuit indien die % RH laer as 40% is nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 10 km/uur oorskry.
- Hierdie produk moet nie uit die lug toegedien word tydens onstabiele, turbulente toestande gedurende die hitte van die dag wanneer styg en dalende konveksie windbeweging plaasvind nie.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die lugtoediening van hierdie produk onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) tot volgende probleme mag aanleiding gee:
 - Verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - Skade aan ander nie-teiken gewasse of ander sensitiewe areas a.g.v die wegdryf van die spuitwolk tot by daardie area.

Algemeen

Moet nie op plante toedien wat met 'n laag stof bedek is nie. Verkry versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan bostaande vereistes voldoen sal word.

5.6 Toedieningshoeveelhede

TOUCHDOWN FORTE HITECH sal die meeste eenjarige onkruid wat van saad ontkiem, na-opkoms beheer in situasies soos onbewerkte landerye, voor plant van gewasse, verminderde of deklaagbewerking, meerjarige wingerd- en boomgewasse en in industriële gebiede.

Dien **TOUCHDOWN FORTE HITECH** volgens die groeistadium van onkruid toe. Gebruik die hoër dosis in die reeks vir ouer en meer gevestigde onkruid in die spesifieke groeistadium.

1. Beheer van skadelike- en probleem onkruid

1.1 SKADELIKE ONKRUID EN INDRINGER PLANTE

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedieningshoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
<i>Acacia mearnsii</i> swartwattel/ black wattle	Dien toe in somer op jong bome 0.1 - 2 m hoog.	2 ℓ	1%
<i>Acacia saligna</i> goudwilger/ Port Jackson willow	Dien toe in die herfs of lente. Slegs saailinge: Dubbelgeveerde blaarstadium = 1,3 ℓ/ha; tot 60 cm hoog = 2.6 ℓ/ha.	1.3 ℓ	1%
<i>Caesalpinia decapetala</i> kraaldoring/ Mauritius thorn	Dien toe in somer met 'n rugsakspuit.	2 ℓ	1%
<i>Chromolaena odorata</i> paraffienbos/ paraffin weed	Sny rankgroei in winter indien nodig. Dien toe in somer op nuwe groei wanneer meer as 0.5 m hoog.	-	0.7%
<i>Convolvulus arvensis</i> akkerwinde/ field bind-weed	Dien toe in somer in begin blomstadium. Indien hergroei voorkom spuit met 'n 1% oplossing.	4 ℓ	-
<i>Lantana camara</i> gewone Latana/ common <i>Latana</i>	Sny groot bosse in die winter indien nodig. Spuit aktiewe groei in die somer.	4 ℓ	2%
<i>Opuntia ficus-indica</i> turksvy/ prickly-pear	Vir bome met 20 – 250 kladode: Boor 4 - 12 gate in die stam en spuit 3 ml van 'n 22% oplossing in elke gat.	-	22%
<i>Phytolacca hepatandra</i> inkbossie/ ink berry	Dien toe in somer met 'n rugsakspuit.	2 ℓ	1%
<i>Plantago lanceolata</i> smalweëblaar/	Dien toe in lente voor blom.	2 ℓ	1%

SKADELIKE ONKRUID EN INDRINGER PLANTE vervolg

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedieningshoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
narrow-leaved ribwort	Dien toe in lente voor blom.	2 ℓ	1%
<i>Rubus cuneifolius</i> Amerikaanse braambos/ American bramble	Sny oortollige groei in winter. Dien toe in herfs of somer wanneer nuwe groei meer as 0.5 m hoog is. Indien hergroei voorkom, spuit met 'n 1% oplossing	4 ℓ	2%
<i>Sesbania punicea</i> rooi Sesbania/ red Sesbania	Saailingplante kleiner as 1 m hoog: Gebruik 'n 1% oplossing. Groot struik: Sny en spuit hergroei met 'n 1% - 1.3% oplossing wanneer 1 m hoog.	2 ℓ	1%
<i>Solanum mauritianum</i> luisboom/ bugweed	Dien toe in lente of somer. Groot bome: Sny tot 50 cm, laat nuwe groei van ten minste 50 cm toe voor toediening. Klein boompies: Dien direk op die blare toe.	1.3 ℓ	1%
Beheer van die vegetatiewe groei en reprodusiewe prosesse.			
<i>Prosopis</i> spp. (e.g., <i>Prosopis glandulosa</i>)	<i>Prosopis</i> of Suidwes doring saailinge en stomp hergroei (Mesquite seedlings and coppice)		
Blaarbespuitings			
<ul style="list-style-type: none"> Dien toe in mid somer (Januarie - Maart) na goeie reën wanneer die <i>Prosopis</i> spp. welig en aktief groei. Dien toe op saailinge van 1 - 2 m hoog. Saailinge moet aktiefgroeiend wees en geen tekens van verwelking of enige ander stremming toon nie. Saailinge moet genoegsame blaarbedekking hê voor bespuiting. Beheer sal slegs vir 'n jaar (een seisoen) verkry word. Voorsiening moet gemaak word om onbespuitte plante, hergroei en her-ontkiemings in die opvolgende seisoen te bespuit. 		-	3.5 - 6.6%
Stomp hergroei bespuitings			
<ul style="list-style-type: none"> Dien toe op hergroei nie hoër as 1 m nie. Hergroei moet aktiefgroeiend wees en geen tekens van verwelking of stremming toon nie. Die hergroei moet genoegsame blaarbedekking hê. Sorg dat goeie benutting aan die buitekant sowel as die binnekant van die blaardak verkry word wanneer bespuit word. 			
<i>Prosopis</i> spp. (e.g., <i>Prosopis glandulosa</i>)	Mesquite (<i>Prosopis</i> of Suidwes doring)		
Lugbespuiting:			
<ul style="list-style-type: none"> Dien toe in mid somer (Januarie - Maart) na goeie reën wanneer die <i>Prosopis</i> spp. welig en aktief groei. 		10 ℓ	-

SKADELIKE ONKRUIDE EN INDRINGER PLANTE vervolg

<ul style="list-style-type: none"> Toedienings moet in ten minste 30 - 40 ℓ spuitvolume/ha geskied. 	10 ℓ	-
<i>Prosopis</i> spp. (e.g., <i>Prosopis glandulosa</i>)	Mesquite (<i>Prosopis</i> of Suidwes doring)	
<ul style="list-style-type: none"> Opvolg bespuitings a.g.v. die reprodutiewe en vegetatiewe groei van die onkruid sal tussen 2 en 3 jaar na die aanvanklike bespuiting nodig wees. Hierdie opvolgbespuitings mag nodig wees a.g.v. hergroei waar die bedekking nie goed genoeg was nie of waar ontkieming plaasgevind het in die saadbed. Opvolg kol bespuitings kan dan gedoen word met 'n 3% oplossing. <p>Algemeen: Die versteuring van die grond agv die verwydering en ontworteling van dooie bome mag lei tot die ontkieming van nuwe saalinge. TOUCHDOWN FORTE HITECH verskaf geen residuele onkruidbeheer nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> Die keuse van spuitpunte moet sodanig wees dat 'n growwe druppel kwaliteit verkry word. Die optimum toedienings tyd is wanneer die blare volwasse is ongeveer gedurende die periode Januarie tot Maart (moenie bespuitings op jong liggroen blare in die vroeë lente en somer toedien nie aangesien slegs blaar vernietiging plaas sal vind en geen translokasie na die wortels nie). Verhoed toedienings tydens die periode van die dag wanneer die blare natuurlik toevou - gewoonlik gedurende die middel van die dag. Waarskuwing - ammoniumsulfaat moet nie gebruik word in bespuitings op <i>Prosopis</i> spp. nie 	10 ℓ	-

1.2 MEERJARIGE GRASSE

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedienings- hoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
<i>Cynodon dactylon</i> gewone kweekgras/ common couch	Somerreënval- gebied: Dien toe in herfs of somer op aktief groeiende plante. Indien hergroei voorkom spuit met 1.6 % oplossing.	4 ℓ	-
	Winterreënval- gebied: Dien toe soos bo in herfs.	6 ℓ	-
<i>Eragrostis curvula</i> oulandgras/ weeping love grass	Dien toe op aktief-groeiende plante in somer of herfs. Toedienings op sterk gevestigde polle oulandgras sal lei tot swak beheer. 'n Opvolg toediening om hergroei te voorkom en te beheer sal nodig wees teen 1% oplossing.	1.3 ℓ	1%

SKADELIKE ONKRUIDE EN INDRINGER PLANTE vervolg

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedienings- hoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
<i>Paspalum dilatatum</i> gewone Paspalum/ common Paspalum	Dien toe in somer tydens blom maar voor saadval. Indien hergroei voorkom spuit met 1% oplossing.	4 ℓ	2%
<i>Paspalum paspalodes</i> kweek Paspalum/ couch Paspalum	Dien toe in somer tydens blom maar voor saadval. Indien hergroei voorkom spuit met 'n 1.3% oplossing of 2.6 ℓ/ha. Gebruik die hoër dosis in die winterreënvalgebied.	5.3 - 6 ℓ	-
<i>Panicum maximum</i> gewone buffelsgras/ common buffalo grass	Dien toe in somer op aktiefgroeiende plante wat nog in die vroeë ontwikkeling stadium is. Indien hergroei voorkom, spuit met 'n 1% oplossing.	2.6 ℓ	1.3%
<i>Pennisetum clandestinum</i> kikoejoe/ kikuyu	Dien toe in somer op aktiefgroeiende plante. Indien hergroei voorkom spuit met 1% oplossing.	2.6 ℓ	1.3%
<i>Setaria megaphylla</i> bosbuffelgras/ bush buffalo grass	Dien toe in herfs of somer op aktief groeiende plante. Indien hergroei voorkom spuit met 'n 1% oplossing	4 ℓ	2%
<i>Sorghum halepense</i> Johnsongras/ Johnson grass	Dien toe in somer of herfs. Indien hergroei voorkom spuit met 1% oplossing.	2.6 ℓ	1.3%
<i>Sorghum bicolor</i> subsp. <i>arundinaceum</i> gewone wilde sorghum/ common wildsorghum	Dien toe op aktiefgroeiende plante in somer of herfs.	1.3 ℓ	1%
<i>Stipa trichotoma</i> nassela polgras/ nassela tussock	Dien toe in winter en gebruik hoë watervolumes. Indien hergroei voorkom spuit met 'n 1% of 1.3% oplossing.	2.6 ℓ	1%

1.3 WATERONKRUIDE

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedienings- hoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
<i>Eichornia crassipes</i> waterhiasint/ water hyacinth	Grondtoediening Dien toe in somer op aktiefgroeiende plante in 500 - 800 ℓ water/ha. Opvolgbespuitings mag nodig wees	4 - 5.3 ℓ	-

WATERONKRUIDE vervolg

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedieningshoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
<i>Eichornia crassipes</i> waterhiasint/ water hyacinth	a.g.v. die voortplantingsmaniere en groeiwyse van die onkruid. Lugtoediening Dien toe in somer op aktiewe groei in 30 ℓ water/ha.	4 - 5.3 ℓ	-
<i>Phragmites australis</i> gewone fluitjiesriet/ common reed	Grondtoediening Dien toe in somer by 20 - 30% blom in 1 000 - 1 500 ℓ spuitmengsel/ha. Gebruik die laer dosis indien groeitoestand gunstig is. Opvolgbespuitings mag nodig wees a.g.v. die voortplantingsmaniere en groeiwyse van die onkruid. Sny enige hergroei, herhaal by 0.5 m hoog met 'n 1.3% oplossing.	-	1.3 - 2%
	Lugtoediening Dien toe in somer in 20 ℓ water/ha in die vroeë blomstadium op aktief-groeiende onkruid. Opvolgbespuitings mag nodig wees a.g.v. die voortplantingsmaniere en groeiwyse van die onkruid. Om die bedekking te verbeter word aanbeveel dat toedienings ook verdeel word deur die riete van 2 kante te bespuit.	10 ℓ	-
<i>Typha capensis</i> gewone papkuil/ common bulrush	Grondtoediening Dien toe in somer op aktiewe groei van 1.5 m voor blom in 200 ℓ water/ha. Opvolgbespuitings mag nodig wees a.g.v. die voortplantingsmaniere en groeiwyse van die onkruid.	4 - 5.3 ℓ	-
	Lugtoediening: Dien toe in somer in 15 ℓ water/ha wanneer saadkoppe goed ontwikkel is op aktiefgroeiende onkruid. Opvolgbespuitings mag nodig wees a.g.v. die voortplantings-	10 ℓ	-

WATERONKRUIDE vervolg

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedieningshoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
<i>Typha capensis</i> gewone papkuil/ common bulrush	maniere en groeiwyse van die onkruid.	10 ℓ	-

1.4 UINTJIES

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedieningshoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
<i>Cyperus esculentus</i> geeluintjie/ yellow nutsedge	Dien toe in somer voor en gedurende die blomstadium. Indien hergroei voorkom spuit met 1% oplossing of 2 ℓ/ha. (Beste resultate in Feb/Maart).	4 ℓ	2%
<i>Cyperus rotundus</i> rooiuintjie/ purple nutsedge	Dien toe in somer voor en gedurende die blomstadium. Indien hergroei voorkom spuit met 1% oplossing of 2 ℓ/ha. (Beste resultate in Feb/Maart).	4 ℓ	2%

1.5 INDUSTRIËLE ONKRUIDBEHEER

Die toedieningshoeveelhede hieronder aangedui is slegs van toepassing op industriële onkruidbeheer.

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedieningshoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
Meerjarige grasse <i>Cynodon dactylon</i> gewone kweekgras/ common couch		4 ℓ	2%
<i>Cynodon nlemfuensis</i> reuse kweekgras of stergras/ stargrass	Dien toe op vinnig-groeiende plante in die somer of herfs wanneer voedingstowwe aktief getranslokeer word na die wortels, risome en uitlopers. 'n Opvolgbespuiting van 2.6 ℓ/ha (1.6% oplossing) mag nodig wees indien hergroei voorkom.	4 ℓ	2%
<i>Pennisetum clandestinum</i> kikoejoe/ kikuyu	Dien toe op aktiefgroeiende gras in die somer. Bespuit die hergroei met 2 ℓ/ha of 'n 1% oplossing.	2.6 ℓ	1.3%
<i>Paspalum paspalodes</i> kweek Paspalum/ couch Paspalum		4 ℓ	2%

INDUSTRIËLE ONKRUIDBEHEER vervolg

Botaniese naam Algemene naam/ Common name	Opmerkings	Toedienings- hoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing
<i>Paspalum dilatatum</i> gewone Paspalum/ common Paspalum	Dien toe op aktiefgroeiende plante. 'n Opvolgbespuiting met net die helfte van die aanbevole dosis mag nodig wees indien hergroei voorkom.	4 ℓ	2%

Botaniese naam	Common name (algemene naam)	Toedienings- hoeveelhede	
		ℓ/ha	Oplossing

Eenjarige breëblaaronkruid 2.6 ℓ - 4 ℓ/ha of 1.3 - 2% oplossing

<i>Amaranthus hybridus</i>	common pigweed (Kaapse misbredie)	2.6 - 4 ℓ	1.3 - 2%
<i>Amaranthus spinosus</i>	thorny pigweed (doringmisbredie)		
* <i>Argemone subfusiformis</i>	white flowered Mexican poppy (witblom blou-dissel)		
<i>Bidens bipinnata</i>	Spanish black jack (Spaanse knapsekêrel)		
